



Beste Artikel 2020
FAMILIA - KWARTAALBLAD

Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika

Familia 2020 (57/1) VOORVADER VAN AFRIKA NA AFRIKA
Dr Rentia Landman Reid

Met 'n papierspoor van die Reid-familie wat ons herkoms in die Skotse Grampians langs die Noordsee aantoon, het ek my bekommer dat my voorvader 'n Pict, een van die oertydse inboorlinge van Skotland was, wat gillend met stokke en getatoeëerde kaalbasse op die Romeine afgestorm het. Met die inligting uit my broer se Y-chromosoom, blyk dit dat ons voorvaders vanaf Skandinawië na Skotland gekom het. Toe het ek 'n tweede bekommernis, naamlik dat my voorvader moontlik 'n Viking was wat geplunder en verkrag het. Voorvader John Reid is juis by Gamrie aan die kus van die Noordsee gedoop (\approx 26.01.1720 Gamrie) waar skedels van Vikingaanvoerders in die mure van die kerk ingemessel is om 'n oorwinning te gedenk.

My broer se se Y-chromosoom hoort tot Haplogroep I-M170 wat 43 000 jaar gelede in die Caucasus¹ ontstaan het. Die feit dat 20% van die huidige Europese mans van dié Haplogroep is, maak dit nie maklik om 'n spoor wat oor 22 000 jaar strek, te volg nie. Ek het besluit om dan maar by die begin te begin waar *Homo sapiens* in Afrika ontstaan het. Dit sou die kringloop van my paterfamilia vanuit Afrika en terug na Afrika aantoon.

Lekker lewe

Homo sapiens (mens wat slim is) het tussen 140 000 en 300 000 jaar gelede in die omgewing van Ethiopië en Soedan ontstaan. Hulle het waarskynlik lekker geleef, want die Sahara² en sub-Sahara het destyds 'n hoë reënval gehad met sterk-vloeiende riviere, groen savanna met groot troppe olifante, buffels en seekoeie.

Die goeie lewe het net vir 'n paar duisend jaar gehou, want 120 000 jaar gelede het die laaste ystydperk aangebreek wat 'n 100 000 jaar sou duur. Koue veroorsaak minder verdamping, minder reën en minder water wat in die see invloei. Dit het woestynvorming, toenemende verysing van die grondoppervlakte en 'n drastiese daling van die seevlak tot gevolg gehad.³

Die bevolkingsgetalle van die prehistoriese mens het weens die droogte tot 'n geskatte 10 000 afgeneem. Vir oorlewing het sommige groepe suid agter wildtroppe en veldkos getrek. Ander het in 'n oostelike rigting beweeg waar hulle langs die kus van Somalië uit seebronne geleef het totdat hulle by die Straat van Bab-el-Mandeb in die huidige Eritrea deur die Rooisee na Jemen in Asië kon trek. Op dié punt was Afrika en Eurasië slegs vier

¹ Azerbaidjan, Armenië, Georgië en die noordoostelike dele van Turkye.

² 'n Geleidelike kanteling van die aarde se as is daarvoor verantwoordelik dat die monsoenreëns wat eens oor Noord-Afrika uitgesak het, verder suid na midde-Afrika geskuif het.

³ https://en.wikipedia.org/wiki/Last_Glacial_Maximum#cite_note-cLevel-8

kilometer van mekaar af en die seevlak laag genoeg om feitlik droogvoets deur te beweeg. In Asië het hulle ál langs die Arabiese kuslyn na die latere Indië migreer.

Ander groepe, waaronder die voorgeslag van ons familie se manlike lyn, Haplogroep IJK⁴, het ongeveer 50 000 jaar gelede langs die Nylrivier in die rigting van die Middellandse See beweeg tot waar hulle oorland by die plek waar die Suezkanaal later gebou is, na die Midde-Ooste kon migreer. Hierdie migrasie het ook sy tol geëis, want die mense in Eurasië het 'n kleiner genetiese basis as die Afrikamense⁵.



Vrugbare Halfsirkel (groen gekleur)

Die Paradys

Toe my voorste voorvader in die Levant (Midde-Ooste/Suidwes-Asië) aankom waar die hedendaagse Israel, Palestina, Libanon, Jordanië, Sirië, Iran en Irak is, het die jagtergaarders hulself in 'n paradys bevind met vrugbare valleie, sterk vloeiende riviere soos die Tigris en Eufraat, en 'n oormaat van eetbare plante waaronder veral die voedsame wildegort. Dié gebied word dan ook die Vrugbare Halfsirkel (*Fertile Crescent*) genoem word.

Mettertyd, soos wat die bevolking toegeneem het, het die jagtergaarders na die Caucasusberge migreer waar bergbokke en ander kleinwild gejag kon word. Teen hierdie tyd het hulle klipwerktuie gemaak wat 'n verbetering op die blote afsplintering van klip was soos wat die Neanderthal en ook ander Homospesies gebruik het. Op soek na kos het van die jagtergaarders na sentraal Asië migreer waar Haplogroepe IJ en K op die Iranese plato van IJK afgesplinter het⁶. Een van die draers van Haplogroep IJ sou later die stigtingsvader van Haplogroep I-M170 word.

Die geboorte van ons stigtingsvoorvader

Die waterskeiding van die Caucasusberge word as die skeiding tussen Europa en Asië beskou en dit was aan die Europese kant van die Caucasusberge waar 'n seun ongeveer 43 000 jaar gelede met 'n chromosoomvariasie gebore is wat binne Haplogroep I-M170 sou kon resorteer.⁷

⁴ IJK would become the ancestor of 80% of modern Eurasian people.

⁵ <https://www.genetics.org/content/161/1/269>

⁶ https://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroup_IJK

⁷ https://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroup_I-M170

Min sou dié seun, wat ons stigtingsvoorvader is, weet dat hy die vader sou word van die enigste groot Y-chromosoomgroep wat op die Europese kontinent ontstaan en voortbestaan het. Hy sou 'n donker gelaatskleur en bruin oë gehad het, want die genetiese mutasie wat blou oë veroorsaak, het eers 10 000 jaar gelede met die landbouers uit die Midde-Ooste na Europa versprei en 'n ligte vel 7 000 jaar gelede met die migrasie van die R1b-perderuiters⁸ uit die Asiese Steppe.

Van kleinwild- tot grootwildjagter

Die draers van Haplogroep I-M170 het vanaf die Caucusus na die westelike deel van die Groot Steppe in die Oekraïne en noord van die Swartsee die trekroetes van takbokke, elke, mammoet en ander grootwild gevolg.⁹ Hulle het ruwe knopkieries en spiese van klip en been gemaak waarmee grootwild gejag kon word. Van die fyner werktuie was platgefatoseneerde ivoorpylpunte en ook gereedskap van been en kwarts om pylpunte mee skerp te maak, velle te sny en te skraap. Kenmerkend is die klein messies met skerp lemme en plat rugkant van kwarts en ook die Venusfigure van klei, ivoor of kalksteen wat vrugbaarheid voorgestel het. Hulle persoonlike versierings was van been en ivoor waarop ingewikkelde geometriese patrone uitgekerf is.¹⁰ Die vroue en kinders het nette geknoop wat gebruik is om kleinwild mee aan te keer.¹¹ Dié lewenswyse staan bekend as die Gravettiaankultuur en word uitsluitend met Haplogroep I-M170 geassosieer.¹² 'n Migrasiespoor kan aan die hand van die werktuie wat by jagkampe opgegrawe is, afgelei word.



Die mans van die Gravettiaankultuur was besonder lank met 'n lengte van 178-188 cm.¹³ Daar word beweer dat dit toegeskryf kan word aan 'n ryk vleisdieet wat hoofsaaklik uit mammoetvleis bestaan het, maar genetici is van mening dat dit eerder die gevolg van genetiese oorerflikheid is. Met 'n genetiese voorsprong van lengte en grootte sou dit vanselfsprekend wees dat hulle grootwildjagters sou kon word. Die besondere lengte bied 'n verdere migrasiespoor in die sin dat die langste mense in die wêreld steeds in gebiede soos Bosnië, Montenegro, Kroasië en in Friesland gevind word waar dit met 'n hoë konsentrasie I-H170 korreleer.¹⁴

Vlug voor die koue uit

Die ystydperk wat 120 000 jaar gelede begin het, het in intensiteit toegeneem. In Europa en Asië het woude van droogte gekwyn, toendra (droogte-bestande plante) het in die plek daarvan begin groei en ysplate het suid geskuif.

⁸ [https://www.eupedia.com/forum/threads/29435-Light-skin-allele-of-SLC24A5-gene-was-spread-by-the-Indo-Europeans-\(R1a-R1b\)](https://www.eupedia.com/forum/threads/29435-Light-skin-allele-of-SLC24A5-gene-was-spread-by-the-Indo-Europeans-(R1a-R1b))

⁹ https://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroup_I-M170

¹⁰ www.iabrno.cz/agalerie/gravetta.htm

¹¹ <https://www.iflscience.com/health-and-medicine/many-tall-men-can-be-traced-back-to-paleolithic-mammoth-hunters/page-2/>

¹² Dié tipe werktuie is in La Gravette in die Dordogne streek van Frankryk gevind.

¹³ <https://www.seeker.com/health/the-tallest-men-in-the-world-trace-back-to-prehistoric-mammoth-hunters>

¹⁴ <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC5414258/>

Takbokke, elke (*moose*), mammoet, renosters en bisons het op die toendra floreer en die groot, sterk I-M170-grootwildjagters het ten spyte van die koue agter die wild aangetrek waar hulle met hul gesinne in velskuilings gewoon en mammoetbene gebrand het.



*Mammoette*¹⁵

Die ys het later so 'n groot deel van Europa beslaan dat mens en dier vir oorlewing na die suide moes migreer.¹⁶

Die Gravettiaanse jagters van die Oekraïne het na die huidige Balkan¹⁷ migreer en dié van sentraal-Europa na die hedendaagse Italië, Frankryk en Spanje. Hulle het in grotte of velskuilings met 'n uitsig op valleie gewoon om die beweging van wild dop te hou en ook omdat daar meer son as in die valleie geskyn het. Grootwildjag het afgeneem en 'n einde aan die Gravettiaankultuur gebring. Die ontberings gedurende die hoogtepunt van die laaste ystyd ongeveer 26 000 jaar gelede het die bevolking drasties laat afneem wat weereens 'n genetiese knelpunt veroorsaak het. Daarby het die oorlewendes só lank in afsondering in die skuilings gebly dat chromosoom-mutasies ontstaan het. Uit Haplogroep I-M170 het I-M438 (ook bekend as I2) in die Balkan afgesplits en I-M253 (I1) wat die hooftak van I-M170 sou word in die Pireneë.¹⁸

Migreer terug na die jagveld van vroeër



Ná afloop van die hoogtepunt van die Laaste Ystydperk het die temperatuur gestyg, ysplate het weggetrek, toendra het begin groei en ongeveer 14 000 jaar gelede kon jagters in 'n noordelike rigting agter die grootwild aan trek.

Haplogroep I-M170 en beide sy variante I-M438 en I-M253 het 'n sentrale rol in die herbevolking van Europa gespeel¹⁹: sodanig dat Haplogroep I die grootste Haplogroep in Europa was totdat hulle dié posisie aan Haplogroep G wat Laatsteentydperk-landbouers uit die Midde-Ooste (J2-M172

¹⁵ Kunstenaarsafbeelding van mammoet. Britse Museum 2019.

¹⁶ <https://www.worldatlas.com/webimage/countries/europa/balkans.htm>

¹⁷ Die Balkanlande is Roemenië, Slovenië, Kroasië, Bosnië, Servië, Herzegovina, Montenegro, Macedonië, Bulgarye, Albanië en Griekeland. Die Europese deel van Turkye vorm ook deel van die Balkan

¹⁸ <https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC1181996/>

¹⁹ Haplogroep I-M170 word nie in Asië aangetref nie.

en G2a-P15) was moes afstaan en daarna aan Haplogroep R wat met hul perdetroppe vanaf Asië na Europa migreer het.

Klein ystydperk

Ongeveer 14 500 jaar gelede het groot diere soos die mammoet, mastodons, sabeltanddiere en reusebere uitgesterf. Die mens kon 'n rol daarin gespeel het, maar die feit dat 135 soogdierspesies insluitende 'n driekwart van die groot soogdiere, twee homogroepe en Haplogroep C-M130²⁰ uitgesterf het, dui daarop dat 'n groot ekologiese omwenteling²¹ wat 'n Klein Ystydperk genoem word, 'n belangrike rol gespeel het.²²

Nadat die mammoet en ander groot diere uitgesterf het, het jagters die takbokke en elk (*moose*) gevolg wat noord migreer het soos wat die ys gesmelt en toendra begin groei het. Aan die hand van toetse op gebeendere het die eerste migrante 13 000 jaar gelede Skandinawië bereik en was hulle van Haplogroep I-M438 (ook bekend as I2 en vroeër as I1b). Dit is die prehistoriese mense wat vanuit die Balkan deur huidige Duitsland na Denemark migreer het.

Haplogroep I-M253 wat in die Pireneë ontstaan het, het merendeels na hedendaagse Swede en Ysland migreer. Volgens FamilyTree DNA lyk dit of ons familie hoofsaaklik genetiese bande in Denemark het en lei ons af dat ons voorvader vermoedelik saam met I-M253 migreer het, wat beteken dat die migrasieroete terug gelei kan word na die Balkan wat die vlugtelingplek van die jagters uit die Oekraïne was.

Landbou en veeteelt

Ondertussen het bevolkingsdruk in die Vrugbare Halfsirkel noodgedwonge tot landbou en veeteelt aanleiding gegee. Wilde skape, bokke, varke en die auroch (wilde beeste) is vir huishoudelike gebruik makgemaak. Toe die ys wegtrek, het G2a-landbouers van Anatolië (Turkye) 6 000 vC noordwaarts na sentraal Europa ál langs die Donaurivier migreer, terwyl ander weswaarts met die Mediterreense roete langs die kuslyn beweeg het. Hierdie landbouers was lig van gelaat met donker oë en korter van postuur as I-M170. Pottebakkersware verskyn ook nou en dit maak die berging van en handel in graan moontlik. Navorsers kan die migrasieroetes aan die hand van versierde pottebakkersware volg.²³

Mettertyd het Haplogroep G die posisie van I-M170 as grootste Haplogroep in Europa verplaas.²⁴ Buiten dat landbou en veeteelt 'n aanvullende voedselbron naas jag en veldkos gebied het, kan die bevolkingsgroei ook toegeskryf word aan die beskikbaarheid van bokmelk, bees- en skaapmelk waarmee meer kinders grootgemaak kon word. Daarenteen het jagtergaarders nie toegang tot ander melk as dié van die moeder nie en is babas wat gebore is terwyl die moeder nog die vorige een soog, om die lewe gebring.

²⁰ <http://www.genlinginterface.com/wp-content/uploads/2018/04/Hq-I-M170-Update.pdf>

²¹ Dit was nie agv die vulkaniese uitbarsing by Toba in Indonesië nie want dié was omtrent 50 000 jaar vroeër

²² <https://www.britannica.com/science/Little-Ice-Age>

²³ <https://www.britannica.com/place/the-Steppe>

²⁴ <https://www.sciencedaily.com/releases/2019/03/190319121742.htm>

Taal

Die volgende groot gebeure wat op ons familie se voorvaders 'n invloed gehad het, was die Yamnaya wat teen 2 800 vC van die Asiatiese Steppe gekom het waar hulle wilde perde in die Uralberge en in Kazakstan makgemaak en leer ry het. Hulle perde het aan hulle besondere beweeglikheid verleen en ook beskikbare voedsame voedsel omdat hulle perde melk gedrink het. Hulle het maklik en vinnig na die weste beweeg op soek na weiding vir hul groot perdetroppe.²⁵ Die Yamnaya-mans wat van Haplogroep G was, het die genetiese frekwensie van die R1a-landbouers verplaas.²⁶ Hulle taal is deur die plaaslike bevolkings oorgeneem met aanpassing uit hulle plaaslike tale sodat Indo-Europees die grootste taalfamilie in die wêreld geword het.²⁷ Só het ons voorvaders se taal deel geword van die groot Indo-Europese taalfamilie.

Slot

Hoe dit gekom het dat 'n voorvader van my vanuit Denemarke in Skotland beland het? Daar is geen bewys van enige Noormanvestings aan die kus suid van Moray Firth (Morayskiereiland) vanwaar my voorvaders kom nie. Die Noormanne het wel in die 9de en 10de eeu Viking-strooptogte in dié omgewing uitgevoer soos wat die kerk van skedels by Gamrie getui.²⁸ In die Middeleeue was daar wel 'n aktiewe marienehandel tussen Skandinawië en Skotland. Was my voorvader 'n Viking-plunderaar of 'n Deense visserman? Ons sal nooit weet nie. Die spoor van 1861 vanaf Skotland na Suid-Afrika is duidelik, maar dit is 'n storie vir 'n ander dag.

²⁵ https://en.wikipedia.org/wiki/Yamnaya_culture#cite_note-29

²⁶ Mutasies, R1b word in Wes-Europa gevind, R1a in Oos-Europa en ook in sentraal- en suid-Asië.

²⁷ https://en.wikipedia.org/wiki/Proto-Indo-European_language#cite_note-:0-4

²⁸ https://en.wikipedia.org/wiki/Scandinavian_Scotland

Bronne:

<http://factsanddetails.com/world/cat51/sub323/item2206.html>
<http://www.genlinginterface.com/wp-content/uploads/2018/04/Hg-I-M170-Update.pdf>
<https://atlantablackstar.com/2014/07/13/5-ethnic-groups-that-prove-the-first-humans-were-black/4/>
https://en.wikipedia.org/wiki/Scandinavian_Scotland
https://en.wikipedia.org/wiki/Early_human_migrations
https://en.wikipedia.org/wiki/Gulf_of_Aden#/media/File:Gulf_of_Aden_map.png
https://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroup_IJK
https://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroup_I-M170
https://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Oman
https://en.wikipedia.org/wiki/Human_Y-chromosome_DNA_haplogroup
https://en.wikipedia.org/wiki/Last_Glacial_Maximum#cite_note-cLevel-8
https://en.wikipedia.org/wiki/Proto-Indo-European_language
https://en.wikipedia.org/wiki/Proto-Indo-European_language#cite_note-:0-4
https://en.wikipedia.org/wiki/Yamnaya_culture#cite_note-29
<https://genographic.nationalgeographic.com/human-journey/>
<https://gizmodo.com/stunning-fossil-discovery-pushes-first-human-migration-1822389419>
<https://www.iflscience.com/health-and-medicine/many-tall-men-can-be-traced-back-to-paleolithic-mammoth-hunters/page-2/>
<https://news.nationalgeographic.com/news/2011/01/110127-out-of-africa-earlier-early-humans-left-science-climate-stone-tools>
<https://science.sciencemag.org/content/365/6457/eaat7487.abstract>
<https://www.britannica.com/place/Sahara-desert-Africa>
<https://www.britannica.com/place/the-Steppe>
<https://www.britannica.com/science/Little-Ice-Age>
https://www.eupedia.com/europe/Haplogroup_I1_Y-DNA.shtml
[https://www.eupedia.com/forum/threads/29435-Light-skin-allele-of-SLC24A5-gene-was-spread-by-the-Indo-Europeans-\(R1a-R1b\)](https://www.eupedia.com/forum/threads/29435-Light-skin-allele-of-SLC24A5-gene-was-spread-by-the-Indo-Europeans-(R1a-R1b))
<https://www.genetics.org/content/161/1/269>
<https://www.google.com/search?rlz=1C1CHZL>
<https://www.hhmi.org/news/genetic-history-ice-age-europe>
<https://www.khanacademy.org>
<https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC1181996/>
<https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC5414258/>
<https://www.sciencedaily.com/releases/2019/03/190319121742.htm>
<https://www.seeker.com/health/the-tallest-men-in-the-world-trace-back-to-prehistoric-mammoth-hunters>
[Lazaridis et al. \(2013\) and Haak et al. \(2015\)](#)
[Nordic Bronze Age \(1700-500 BCE\).](#)
www.davidduke.com/general/could-a-male-shortage-during-the-last-ice-age-explain-why-whites-dont-all-look-alike
www.iabrno.cz/agalerie/gravetta.htm